education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REKENINGKUNDE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2009

Hierdie riglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

BEPALING VAN DIE MINIMUM INHOUD VIR DIE 2009 GRAAD 12 REKENINGKUNDE-EKSAMEN:

INLEIDING

Met die oog daarop om onderwysers by te staan in hul voorbereiding vir die Graad 12-eksamen in November 2009, het die Departement van Onderwys besluit om skole van eksamenriglyne, wat die minimum standaarde wat deur alle leerders gedek moet word, te voorsien. Skole word nogtans aangemoedig om te verseker dat alle assesseringstandaarde wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring (NSS) voorgeskryf word, gedek is.

Die bylae toon die onderwerpe wat as minimum vakinhoud vir die Graad 12 nasionale eksamen vir 2009.beskou sal word.

Onderwysers word ook op die volgende vereistes soos gepubliseer in die Vakassesseringsriglyne attent gemaak.

Optimale gewigstoekenning van leeruitkomste (verwys na blasy 7 van VAR):
Dit is baie belangrik dat die drie leeruitkomste volgens die toepaslike gewigstoekenning, soos in die gepubliseerde Vakassesseringsriglyne, gedek moet word:

LU1	Finansiële Rekeningkunde	50%-60%
LU2	Bestuursrekeningkunde	20%-25%
LU3	Bestuur van Hulpbronne	20%-25%

Assesseringstandaarde (verwys na bladsy 13 van VAR)
Slegs die Graad 12-assesseringstandaarde word in die Graad 12 Rekeningkunde NSS-eksamen gedek, maar kennis van die vorige grade mag tot en met ‘n gewig van 20% ingesluit word op voorwaarde dat hierdie kennis van toepassing is op die Graad 12-assesseringstandaarde.

Assesseringstandaarde spesifiek vasgestel vir Graad 12	80%
Assesseringstandaarde vasgestel vir vorige grade wat ‘n invloed het op die assessering in Graad 12	20%

Kognetiewe vlakke (verwys na bladsy 13 van VAR)
Elke eksamen moet vir ‘n verskeidenheid kognetiewe vlakke voorsiening maak. Die volgende word gebruik as ‘n riglyn om eksamens op te stel:

Basiese denkvaardighede (bv. feitlike herroep, laevlak-toepassing en laevlak-begrip).	30%
Redelik hoë denkvaardighede (bv. meer gevorderde toepassings, interpretasie en laevlak-ontleding).	40%
Hoër orde denkvaardighede (bv. gevorderde ontledend (analitiese) vaardighede, sintese en evaluering).	30%

Die volgende tabel van Bloom se taksonomie word as 'n riglyn voorsien:



Neem ook kennis van die punte wat volledig op bladsy 7 tot 9 in die VAR verduidelik is:

- Leerders moet kommunikasie- en besluitnemingsvaardighede bekom (bladsy 8)
- Die hernude fokus op etiek en verantwoordbaarheid moet in die leerproses versterk word (bladsy 8)
- Die aantekenfunksie moet ten alle tye oorweeg word (bladsy 8)
- Aktiwiteite moet leerders aan evaluering van finansiële inligting in nuwe en onbekende situasies blootstel (bladsy 9)
- Onderwysers moet maniere soek om Leeruitkomste en Assesseringstandaarde in hul onderrig- en assesseringsaktiwiteite te integreer (bladsy 9)

Deel A aangeheg
Bevat 'n opsomming van die assesseringstandaarde wat deur die bepaling van die minimum inhoud vir die November 2009-eksamen geraak word.

Deel B aangeheg
Bevat 'n volledige lys eksamenonderwerpe.

DEEL A

OPSOMMING VAN ASSESSERINGSTANDAARDE WAT DEUR DIE BEPALING VAN DIE MINIMUM INHOUD WAT IN GRAAD 12 GEËKSAMINEER GAAN WORD, GERAAK WORD

<table>
<tr><th>Graad</th><th>Verwys na die volgende LU's & AS'e</th><th>Onderwerpe</th><th>Verduideliking</th></tr>
<tr><td rowspan="5">Graad 12</td><td>12.1.2</td><td>Aanteken van unieke verskille wat verband hou met beslote korporasies en maatskappye.</td><td rowspan="2">Inhoud van hierdie AS’e word tot slegs maatskappye beperk. Verwys na VAR (Vakassesseringsriglyne). Hierdie onderwerpe behoort deel te vorm van die deurlopende assessering ('CASS') en sal nie intensief in die einde-van-die-jaar summatiewe eksamen gedek word nie. Onderwysers moet fokus op unieke rekeninge in die konteks van maatskappye. Onderwysers word aangeraai om die verskille tussen maatskappye en beslote korporasies te dek, maar slegs vir agtergrondskennis.</td></tr>
<tr><td>12.1.2</td><td>Brondokumente, joernale en grootboeke.</td></tr>
<tr><td>12.1.3</td><td>Rekeningkundige vergelyking</td><td rowspan="3">Aangesien hierdie aspekte intensief onder maatskappye gedek word, sal dit nie in die konteks van beslote korporasies getoets word nie.</td></tr>
<tr><td>12.1.5</td><td>Finale rekeninge</td></tr>
<tr><td>12.1.5</td><td>Opstel, ontleed en vertolk van finansiële state</td></tr>
<tr><td colspan="4">ALLE ANDER GRAAD 12-ASSESSERINGSTANDAARDE
IS TEN VOLLE ËKSAMINEERBAAR</td></tr>
</table>

DEEL B

KONTROLELYS VIR EKSAMENS

Die assesseringstandaardinhoud is hieronder verkort.

Verwys na NKV, LPRG & VAR vir verdere beskrywings en gewigstoekenning van leeruitkomste.

Die eksamen in Graad 12 sal aan die Graad 12-assesseringstandaarde aandag gee, alhoewel aspekte van die Graad 10- en 11-assesseringstandaarde 'n invloed daarop kan hê.

Verwys na die VAR vir die mate waartoe Graad 10- en 11-assesseringstandaarde by die Graad 12-eksamen ingesluit kan word.

GRAAD 12		Eksamen
12.1.1	Konsepte / AARP - vervaardiging (definieer & verduidelik)	✓
12.1.1	Konsepte / AARP - beslote korporasies (definieer & verduidelik)	✓
12.1.1	Konsepte / AARP - maatskappye (definieer & verduidelik)	✓
12.1.2	Unieke inligting aan te teken - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.3	Rekeningkundige vergelyking - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.4	Ontleed en vertolk bank-, debiteure- en krediteurerekonsiliasies – alleeneienaar	✓
12.1.5	Finale rekeninge - slegs maatskappye	✓
12.1.5	Finansiële state - Inkomstestaat - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.5	Finansiële state - Balansstaat - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.5	Finansiële state – Notas - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.5	Finansiële state – Kontantvloeistate - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.5	Ontleding en vertolking van finansiële state - slegs maatskappye (nie BK nie)	✓
12.1.6	Ontleed gepubliseerde finansiële state en ouditverslae van maatskappye	✓
12.1.7	Pas die beginsels van BTW toe in verskillende omstandighede	✓
12.2.2	Die opstel, aanbieding, ontleding en rapportering van die koste van ‘n vervaardigingsonderneming	✓
12.2.2	Produksiekostestaat (opstel, aanbied, ontleed, rapporteer)	✓
12.2.2	Handels- en Wins-en-verliesstate (opstel, aanbied, ontleed, rapporteer)	✓
12.2.2	Eenheidskoste & gelykbreek (opstel, aanbied, ontleed, rapporteer)	✓
12.2.3	Ontleed en vertolk Geprojekteerde Inkomstestate - alleenhandelaar	✓
12.2.3	Ontleed en vertolk kontantbegrotings - alleenhandelaar	✓
12.3.3	Vertolk en rapporteer oor die beweging van bates in finansiële state	✓
12.3.4	Waardeer en bereken die waarde van voorraad - verskillende metodes om voorraad te waardeer	✓
12.3.5	Dissiplinêre en strafmaatreëls, gedragskode, professionele liggame	✓
12.3.6	Pas interne beheer en interne ouditprosesse toe	✓

Kopiereg voorbehou